

AFRIKAANS HT HUISWERK WEEK 4

4 - 8 MEI 2020

MAANDAG

1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van elk van die volgende.

tjie krie pie

2. Leer jou spelwoorde skryf elkeen 5 keer uit:

lmv - aan die einde van die woord

kalm film skelm walm palm

3. Lees Boet en Saartjie bl 11 - 13

4. Onderstreep die selfstandige naamwoorde (Kyk na getal aan einde van die sin, dit is hoeveel selfstandige naamwoorde jy moet kry in die sin)

Op die plaas is daar beeste, skape, hoenders en varke. (5)

Die voëltjie, met sy bruin vlerk, bou 'n nessesie in die ou boom. (4)

Pappa pluk vir mamma blomme in ons eie tuin. (4)

Die groot leeu bekruip die bok wat by die dam staan. (3)

Die seun, wat die bal skop, se naam is Koos. (3)

5. Leerders skryf die sinne oor met hoofletters en leestekens op die korrekte plek.

1. ek haal meel eiers olie melk en sout uit want ons gaan koek bak

2. san en sarie wil gaan swem maar hulle moet eers hulle kamer opruim

3. eina my toon

4. as lesedi verjaar gaan ons almal by die spur in pretoria eet

5. kobus is baie moeg want hy het heeldag saam met tebatso fiets gery.

6. hoekom is daar saterdag nie skool nie

DINSDAG

1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van elk van die volgende.

jie gie pie

2. Leer jou spelwoorde skryf elkeen 5 keer uit:

lm - aan die einde van die woord

helm psalm weergalm talm dwelm

3. Lees die leesstuk weer deur van verlede week en beantwoord dan die vrae.

Japie Greyling

Japie Greyling se pa en sy twee ouer broers was op kommando om teen die Engelse te veg. Japie, sy ma en susters het alleen op die plaas agtergebly.

Een aand het sy pa en die kommando op die plaas oorgeslaap. Een van die werkers het hulle kom waarsku dat die Engelse op pad is. Die boere het op hulle perde gespring en weggejaag. Nie lank daarna nie, het die Engelse op die plaas aangekom. Die Engelse kaptein wou by Japie weet waar die boere is, maar hy het geweier om hulle te verrai.

Die kaptein het Japie teen die muur laat staan en ses soldate het hulle gewere op hom gerig. Hy het Japie weer gevra waar die boere is, maar Japie het geskreeu: "EK SAL NIE SÊ NIE!!" Dit was doodstil, die soldate het hulle gewere laat sak en die kaptein het na Japie toe geloop. Hy het Japie se hand geskud en gesê hy is 'n held. Die Engelse het op hulle perde geklim en weggery.

a) Onderstreep/skryf die selfstandige naamwoorde in die stuk neer.

b) Kies nog 'n sin en skryf dit oor in die **ontkennende tyd**. Bv. Ek sit op my stoel. - Ek sit **nie** op my stoel **nie**.

c) Skryf een ontkennende sin uit die leesstuk neer.

4. Lees Boet en Saartjie bl 14 - 16

WOENSDAG

1. Leer jou spelwoorde en skryf elkeen 5 keer uit.

lm - aan die einde van die woord

helm psalm weergalm talm dwelm

2. 'n Byvoeglike naamwoord beskryf die selfstandige naamwoord. Bv. Die soet seun speel met die groot hond.

Vul jou eie byvoeglike naamwoorde in om die sinne te voltooi.

1. My _____ sussie skryf 'n _____ storie in haar boek.
2. Die _____ juffrou help die _____ kind.
3. Mamma dra haar _____ rok kerk toe.
4. Ek het my _____ mus en my _____ trui aan.
5. Die _____ kat sit op die _____ mat.

3. Onderstreep die byvoeglike naamwoord in die volgende sinne.

1. My vriendelike pa sny die lang gras.
2. Die ou oom ry in sy rooi kar.
3. Die bruin hond jaag die swart kat.
4. Die lang seun spring hoog om die rooi krieketbal te vang.

DONDERDAG

1. Skryf die volgende sinne oor in lopende skrif.

- a. As dit warm is sit die swerm voëls bo in die palmboom .
- b. Die polisie beskerm ons teen skelms .
- c. Na die storm is die see weer kalm .
- d. Die alarm maak darem 'n harde geluid.
- e. Ek lees Psalm 23 in die Bybel.

2. Spelwoorde: Leer jou spelwoorde vir môre se toets.

lm - aan die einde van die woord

kalm film skelm walm palm

helm psalm weergalm talm dwelm

3. Lees die leesstuk uit die Departementele boek.



Ons lees Lees Jan se dagboek van sy reis na die Addo-olifantpark.

Liewe Dagboek: 14 Mei 2015

Vandag was 'n baie spesiale dag vir my. Dit was my negende verjaardag en my onderwyser het ons na die Addo-olifantpark toe geneem!

Ek was so gelukkig om saam met my maats, Jabu en Karien, te wees. Ons het baie olifante gesien. Daar was ook 'n klein baba-olifant. Hy was baie oulik. Toe ons stilgestaan het om te eet, het ek my skoene uitgetrek want dit was baie warm. 'n Stoute apie het gekom en een van my skoene gegops. Ek het huis toe gegaan met net een skoen.

Ek was bly om by die huis te kom, want toe kon ek van my verjaardagkoek eet.

Jan

VRYPAG

1. Jy skryf speltoets vandag, sterkte!

2. Lees 'n boekie uit jou eie leesboekrak.

- Voer die storie vir Mamma en Pappa op. Gebruik jou ander boeties en sussies om jou te help. As jy 'n enkelkind is, kan jy jou poppe, teddiebere en speelmotors gebruik.

Net vir die pret, gebruik eierhouers

